SNOEITEGNIEKE BY WILDEVYE

CHARLES CERONIO

Die vyf bekendste Wildevye spesies is sekerlik die Natalvy, die Transvaalse wurgvy (F.thoningii), die Kaapse wildevy of besemtrosvy (F.sur), die Rooiblaarvy (F.ingens) en die Geelriviervy (F.sycomorus). Hierdie vyespesies het elkeen sy eie groeiwyses en die snoeitegnieke moet dus daarby aangepas word.

Alle vyesoorte groei baie sterk in hulle bo-groei. Laer takke ontwikkel gewoonlik swakker en hulle moet dus aangemoedig word om in die regte verhouding tot die stam te ontwikkel. Bo-groei moet gevolglik straf teruggesnoei word en die laer takke moet toegelaat word om soms wild te groei.

Waar laer takke nie dik genoeg is nie, moet 'n loot toegelaat word om selfs tot 'n meter lank te groei, voordat dat dit verwyder word. Indien die tak nog nie die gewensde dikte het nie, kan die proses herhaal word.

Om ondergroei sterk te stimuleer kan die boonste helfte van die blare verwyder word. Sodoende word groei in die laer takke aangemoedig. Waar bo-groei te dig word, kan die digte groei selektief uitgesny word.

Wildevye sprei gewoonlik wyd uit om 'n ronde kroon te vorm. Om hierdie effek te verkry moet die boonste groei altyd weggesnoei word sodat die onderste ogies afwaarts kan groei.

Omdat die vy hom uitstekend leen tot die wortel-oor-rots styl styl, is dit gebruiklik om 'n boom oor 'n groot rots te plant. Om die nodige gevoel van jare se ontwikkeling te kry moet takke aan die sykante soms in die oorhang of semi-oorhangvorm gesnoei word. Hierdeur word die harmonie tussen rots en boom uitstekend saamgevat.



Jong groei moet verkieslik langer as wat nodig is toegelaat word om te ontwikkel sodat daar na die harder hout terug gesnoei kan word. Dit sal verhoed dat nuwe groei slegs in dieselfde rigting sal ontwikkel.

Wanneer nuwe groei dus teruggesnoei moet word, moet dit onderkant die vorige blaartjie afgesny word sodat die steeltjie kan help om die nuwe groei in 'n ander rigting te dwing. Sodoende kan die ideale sig-sag patroon, waarna gestreef word, verkry word.

Wanneer groot takke afgesny moet word, moet die wond met 'n seëlmiddel geseël word om onnodige verrotting te verhoed. Wildevye het sagte hout en verrot gevolglik baie maklik. Waar 'n groot tak afgesny is, moet 'n takkie na aan die wond toegelaat word om wild te groei. Sodoende word die wond vinnig geseël en groei dit pragtig toe.